

# Klasstandaarde

Opgestel deur Cape Wools SA  
2002



CAPE WOOLS SA



## Voorwoord

**B**ehoorlike en doeltreffende wolklassering is die eerste en waarskynlik die belangrikste skakel in die wolketting. Suid-Afrika was nog altyd trots op die gehalte van sy skeerselvoorbereiding en het deur die jare 'n uitstekende reputasie in die buiteland as een van die beste geklasseerde skeersels opgebou.

**Nuwe** ontwikkelings in toetsmetodes en verbeterde tegniese standaarde vir die doeltreffende verwerking van wol tot eindprodukte, beklemtoon die verantwoordelikheid van die wolklasser om te voldoen aan die minimumstandaarde wat in hierdie brosjure uiteengesit word.

**Die** bemerking van grondstowwe vir verdere verwerking vereis dat die koper van sodanige stowwe toegang het tot alle relevante inligting met betrekking tot die gehalte-aspekte van die besending. Dieselfde beginsel geld vir die koper wat 'n verwerkingslot moet saamstel uit lotte wat van verskillende produsente se skeersels afkomstig is en hom gewoonlik 'n paar weke neem om bymekaar te kry.

**Een** van die belangrikste vereistes van die wolkoper is eweredigheid van enige gemete of ongemete eienskappe binne 'n individuele lot. Gevolglik is dit uiters belangrik dat daar die minimum afwykings is wat betref eienskappe soos veseldeursnee en stapellengte sodat dit die koper in staat kan stel om uitvoerbesendings en verwerkingslotte so kostedoeltreffend moontlik saam te stel.

**Die** Klasstandaarde maak voorsiening vir 'n wye verskeidenheid klasse waarin die verskillende dele van 'n vag vir bemarkingsdoeleindes gegroeper kan word. Dit beteken glad nie dat die klasseerder die skeersel in al hierdie klasse moet verdeel nie. Onnodige fragmentering van die skeersel word nie aangemoedig nie omdat dit die hanterings- en bemarkingskoste verhoog en nie noodwendig 'n beter prys vir die produsent beteken nie.

**Die** sleutel tot goeie klassering is om hierdie twee teenstrydige stellingvereistes teen mekaar op te weeg ten einde die hoogste moontlike potensiele inkomste uit die skeersel te verdien.

**Die** Klasstandaarde beklemtoon ook die wolklasser se verantwoordelikheid om goeie bestuursbeginsels in die skuur toe te pas en besoedeling vóór klassering en verpakking te voorkom.

**'n Skeersel** wat met baaltou of ander vreemde voorwerpe besoedel is, sal deur die koper gepenaliseer word, ongeag hoe goed dit geklas is. Dieselfde geld vir skoon, onbesoedelde maar swak geklasseerde skeersels.

**Die** klasstandaarde in dié brosjure wyk nie noemenswaardig van die vorige weergawe af wat in 1992 deur die SA Wolraad gepubliseer nie. Dit sluit slegs klein veranderings in om aan hedendaagse vereistes te voldoen.

**Daar** is besluit om die vorige weergawe te hersien op grond van die feit dat die gereelde hersiening van standaarde van enige aard 'n voorvereiste in enige moderne bedryf is. Daarbenewens is die gereguleerde bemerking van landbouprodukte (wat die regulering van klassering insluit) in 1996 opgehef. Dit op sigself het 'n hersiening nodig gemaak ten einde te verseker dat standaarde wat voorheen ingevolge die Landboubemarkingswet bepaal is, nog geldig is, aan markvereistes voldoen en in 'n verbruikersvriendelike formaat beskikbaar is. □

## Hersieningspaneel

Die Wolforum van Suid Afrika het in 2001 versoek dat die Klasstandaarde hersien word. Cape Wools SA, as die uitvoerende arm van die Forum, is die taak opgelê om die proses te vergemaklik en om die toepaslike sekretariële dienste te verskaf. Die paneel betrokke by die hersiening was soos volg:

<b>Saamroeper:</b>	André Strydom, Cape Wools SA
<b>Wolprodusente:</b>	Ben Brynard (Voorsitter, NWGA, Noord-Kaap)
<b>Makelaars:</b>	Johan Louw (Cape Mohair & Wool) Robert Scott (BKB Ltd) Billy Saunders (Saunders Bruce & Lapersonne Wool CC)
<b>Kopers en verwerkers:</b>	Vince Knapton (Stucken & Co (Pty) Ltd.) John Coutts (Modiano SA (Pty) Ltd) James de Jager (United Wool (Pty) Ltd) Ken Hay (Chargeurs Wool (South Africa) (Pty) Ltd.)

**Insette deur die personeel van bogenoemde maatskappye word met dank erken.**



## Inhoud

<u>Afdeling</u>	<u>Bladsy</u>
1	Algemene riglyne vir die klassering en merk van wol . . . .1
2	Klassering en merk van Merino-tipe wol . . . . .1
3	Klassering en merk van witwol . . . . .5
4	Klassering en merk van growwe witwol en growwe gekleurde wol . . . . .8
5	Klassering en merk van kruisraswol . . . . .8
6	Verpakking en merk van bale . . . . .9



# Standaard vir die klassering, merk en verpakking van wol

## 1. Algemene riglyne vir die klassering en merk van wol

- Ruwol moet in verskillende klasse geklasseer word om eenvormigheid te verseker ten opsigte van eienskappe wat belangrik vir verwerkers is. Dié eienskappe is gemiddelde veseldeursnee (mikron), stapellengte en stapelsterkte, plantmateriaalinhoud en voorkoms.
- Besoedeling met baaltou of enige ander los voorwerp moet voorkom word.
- Wol bevlek met teer, urine, mis, bloed, verf, merkstof, of verkleur het as gevolg van swamme of chemikalieë, moet vóór die skeerproses verwyder word.
- Witwol wat met gekleurde vesel of steekhaar besoedel is, moet verwyder en apart verpak word.
- Alle simbole wat die inhoud van 'n baal aandui, hetsy dit op die plaas of deur make-lars of handelaars voorberei is, moet só aangewend word dat die merkstof nie deursyfer en die wol binne die baal bevlek nie.

## 2. Klassering en merk van Merino-tipe wol

### 2.1 Definisie

Merino-tipe wol is 'n wit wol wat vry is van steekhaar met 'n gemiddelde veseldeursnee van nie meer as 27 mikron ( $\mu\text{m}$ ) nie.

### 2.2 Lokswol

Mis- en urinebevlekte gekoekte wol, bors-, kuit- en wangwol, dubbelknipsels en sweetwol wat van 'n volwasse skaap afgeskeer is, moet apart verpak en soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
LOX 1	Lang sweetwol, lang gematte borswol, lang kuif- en wangwol - minimum lengte 40 mm
LOX 2	Pootjieswol, kort kuif- en wangwol, dubbelknipsels, harde sweetwol korter as 40 mm
LOX 3	Wol wat ligweg met urine en mis bevlek is
LOX 4	Baie harde sweetwol, donker gevlekte urine- of miswol en harde sweetstukkies
LOX 5	Gekoekte loks met hoë plantmateriaalinhoud, met of sonder vlekke

### 2.3 Penswol en afrandsels

Wol wat van die pensgedeelte van 'n volwasse skaap verwyder is en/of gedeeltes wat van die vagwol afwyk en verwyder is, moet apart verpak en soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
CBP	Lang penswol (minstens 60 mm) en vagstukke, wit tot ligroom met goeie stapelformasie
BP	Kort penswol (40 - 60 mm), dieproom of effens geel en met 'n goeie stapelformasie
BP2	Lang kuif- en wangwol en kort vagstukke (<40 mm) wat 'n lot van 3 bale en meer regverdige
CB	Enige penswol, diep-room met swak stapelformasie (minstens 50 mm) wat 'n lot van 3 bale of meer regverdige

### 2.4 Vagstukke

Nekplooiwol, broekwol of dele van die vag met 'n hoë plantmateriaalinhoud moet apart verpak en met 'n enkele lengtesimbool gemerk word volgens die riglyne vervat in 2.6. As die wol te min is om een baal vol te maak, of te kort of onaantreklik in voorkoms is, kan dit met die toepaslike penswol en afrandsels vermeng word (soos aangedui in 2.3). Slegs goeie gehalte nekwol wat genoeg is om 'n afsonderlike lot (een of meer bale) te regverdige, moet as "NKS" met die toepaslike voorafgaande lengtesimbool (soos aangedui in 2.6) gemerk word.

### 2.5 Rugwol

Rugwol van 'n volwasse skaap wat nie noemenswaardig van die res van die vag afwyk wat betref voorkoms, gehalte en plantmateriaalinhoud nie, hoef nie verwyder en apart verpak te word nie. Andersins, moet dit verwyder en soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
BKS1	Stowwerige, merkbaar verweerde rugwol
BKS2	Minderwaardige rugwol, baie stowwerig, erg verweer, kort of met kraaineste
BKS3	Alle rugwol met hoë saadinhoud

## 2.6 Vagwol

Dié deel van die vag wat oorbly nadat alle afwykende gedeeltes verwyder is, soos in 2.2 tot 2.5 aangedui, met 'n gesonde trekstrekke (geen breuk nie) moet apart verpak word. Merk dit met die gepaste kombinasie simbole wat die geraamde lengte (AA-EE) en gemiddelde veseldeursnee (FF, F, M, S, SS) aandui. Die klassifikasie word op die volgende matriks gebaseer:

Lengte-groep	Fynheidsklasse (mikron)				
	Superfyn (<19)	Fyn (19,1 - 20)	Medium (20,1 - 22)	Sterk (22,1 - 24)	Oorstek (24,1 - 27)
>100 mm	AFF	AAF	AAM	AAS	AASS
80-100 mm	AFF	AF	AM	AS	ASS
70-80 mm	BBFF	BBF	BBM	BBS	BBSS
60-70 mm	BFF	BF	BM	BS	BSS
50-60 mm	CFF	CF	CM	CS	CSS
40-50 mm	DDFF	DDF	DDM	DDS	DDSS
30-40 mm	DFF	DF	DM	DS	DSS
20-30 mm	EEFF	EEF	EEM	EES	EESS
<20 mm	EFF	EF	EM	ES	ESS

Alle vagte wat opvallend van die gemiddelde eienskappe van die skeersel afwyk, moet voorberei en volgens die volgende standaard gemerk word:

- Vagwol wat 'n duidelik breuk in die stapellengte of 'n algemene gebrek aan treksterkte (tengerigheid) toon, moet NIE in klasse verdeel word nie, maar slegs afgerand, apart verpak en "TDR" gemerk word.
- Vagwol met 'n gemiddelde veseldeursnee van meer as 27 mikron moet apart verpak en met die gepaste lengtesimbool (soos aangedui in 2.6), gevolg deur "XM" gemerk word.

## 2.7 Vermenging van klasse in 'n enkele baal

Meer as een klas kan in 'n baal verpak word, mits dit behoorlik deur papier geskei word en die baal as "BIN" gemerk word, gevolg deur die simbole van die verskillende klasse in die baal.

## 2.8 Lammerwol

Lammerwol wat van skape nie ouer nie as 8 maande geskeer is, moet apart verpak en volgens lengte soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
CL	Lammerwol langer as 50 mm
DDL	Lammerwol tussen 40 en 50 mm
DL	Lammerwol tussen 30 en 40 mm
EEL	Lammerwol tussen 20 en 30 mm
EL	Lammerwol korter as 20 mm
LBP	Lammerpenswol en stukkies
LLOX	Lammerloks
XXL	Harige en/of growwe lammerwol

## 2.9 Wissellamwol

Vagwol van skape tot 12 maande en wat nie as lammers geskeer is nie (d.w.s. wissellammers) moet verpak en volgens lengte soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
AAH	Wissellamwol langer as 100 mm
AH	Wissellamwol tussen 80 en 100 mm
BBH	Wissellamwol tussen 70 en 80 mm
BH	Wissellamwol tussen 60 en 70 mm
CH	Wissellamwol korter 60 mm

Rugwol, nek wol en ander afrandsels van wissellammers wat erg verweer of stowwerig is, moet verpak en gemerk word met die simbole soos aanbeveel word vir die merk van volwasse skape (kyk 2.2 tot 2.5).

## 2.10 Wol van jong skape

Indien die volume en fynheid aparte lotte regverdig, kan vagwol van skape tussen een en twee jaar oud verpak en met die gepaste lengte- en fynheidsimbole (soos aangedui in 2.6) gemerk word, gevolg deur 'n "Y"-simbool. Ander dele van die vag van jong skape moet soos aangedui in 2.2 tot 2.5 voorberei en verpak word.

## 2.11 Ander klasse

Die volgende simbole moet vir ander klasse wat die produsent mag hê, gebruik word:

Simbool	Inhoud
VEL	Alle wol verwyder van die vel van 'n geslagte dier ("velwol")
PLK	Alle wat verwyder is van 'n dooie dier wat nie geslag is nie ("dooiwol")
MAT	Alle vagwol met 'n gematte en toutjiesagtige voorkoms
KBM, KBP, KLOX, ens.	Merinowol wat steekhaar bevat
BRANDS	Wol bevek met enige merkstof verf, teer, merkolie of enige ander kleurstof

### 3. Klassering en merk van witwol

#### 3.1 Definisie

"Witwol" beteken wol wat nie 'n Merino-tipe of kruisraswol is nie en wat van nature vry van gekleurde vesel en steekhaar is.

Let wel: Dieselfde beginsels as vir die klassering van Merino-tipe wol geld vir witwol (kyk afdeling 2) en moet dus saam met die riglyne in afdeling 2 gelees word.

#### 3.2 Vagwol

Simbool	Inhoud
WF	Fyn, wit vagwol met gemiddelde veseldeursnee van tot 20 µm
WM	Medium, wit vagwol met gemiddelde veseldeursnee van 20 - 22 µm
WS	Sterk, wit vagwol met gemiddelde veseldeursnee van 22 - 24 µm
WSS	Oorsterk, wit vagwol met gemiddelde veseldeursnee van 24 - 27 µm
WR	Oorsterk, wit vagwol met gemiddelde veseldeursnee van 27 - 30 µm
WRR	Oorsterk, wit vagwol met gemiddelde veseldeursnee van 30 µm
XX	Growwe en/of harige vagte en afrandsels

#### 3.3 Wissellamwol

Simbool	Inhoud
WAH	Wissellamwol met minimum lengte van 80 mm
WBBH	Wissellamwol met minimum lengte van 70 mm
WBH	Wissellamwol met minimum lengte van 60 mm

### 3.4 Penswol and afrandsels

Wol wat van die pensgedeelte van 'n volwasse skaap verwyder is en/of gedeeltes wat van die vagwol afwyk en verwyder is, moet apart verpak en soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
WCBP	Lang penswol (minstens 60 mm) en vagstukke, wit tot roomkleurig met goeie stapelformasie
WBP	Kort penswol (40 - 60 mm), diep-room of effens geel en met 'n goeie stapelformasie
WBP2	Lang kuif- en wangwol en kort vagstukke (<40 mm) wat 'n lot van 3 bale of meer regverdig
WCB	Enige penswol, diep-room of geel met swak stapelformasie, van minstens 50 mm wat 'n lot van 3 bale of meer regverdig

#### 3.5 Vagstukke

Nekplooiwol, broekwol of dele van die vag van 'n volwasse skaap met 'n hoë saadinhoud moet apart verpak en met 'n enkelente simbool, ooreenkomstig die riglyne in 2.6 gemerk word. As die wol te min is om een baal vol te maak, of te kort of onaantreklik in voorkoms is, kan dit met die toepaslike pens- en afrandselotte vermeng word (soos aangedui in 2.3). Slegs goeie gehalte nekwol wat genoeg is om 'n afsonderlike lot (een of meer bale) te regverdig, moet as "NKS" met die toepaslike voorafgaande lengtesimbool (soos aangedui in 2.6) gemerk word.

#### 3.6 Rugwol

Indien wol van die rug van 'n volwasse skaap nie in voorkoms, gehalte en saadinhoud van die res van die vag afwyk nie, hoef dit nie verwyder en apart verpak te word nie. Andersins moet dit verwyder en soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
WBKS1	Stowwerige, merkbaar verweerde rugwol
WBKS2	Minderwaardige rugwol, baie stowwerig, erg verweerd, kort of met kraaineste
WBKS3	Alle rugwol met 'n hoë plantmateriaalinhoud

### 3.7 Lammerwol

Simbool	Inhoud
WCL	Lammerwol (penswol, stukkies en loks verwyder) met 'n minimum lengte van 50 mm
WDDL	Lammerwol (penswol, stukkies en loks verwyder) met 'n minimum lengte van 40 mm
WDL	Lammerwol (penswol, stukkies en loks verwyder) met 'n minimum lengte van 30 mm
WEEL	Lammerwol (penswol, stukkies en loks verwyder) met 'n minimum lengte van 20 mm
WEL	Lammerwol (penswol, stukkies en loks verwyder) korter as 20 mm
WLBP	Lammerpenswol en stukkies
WLOX	Lammerloks (klossies en urinebevlekte wol uitgesluit)
XXL	Harige en/of growwe lammerwol

### 3.8 Loks

Mis- en urinegevekte, gekoekte wol, borswol, kuit- en wangwol, dubbelknipsels en sweetwol wat van die volwasse skaap verwyder is, moet apart verpak en soos volg gemerk word:

Simbool	Inhoud
WLOX1	Lang sweetloks, lang, gematte borswol, lang kuif- en wangwol - minimum lengte 40 mm
WLOX2	Pootjieswol, kort kuif- en wangwol, dubbelknipsel, harde sweetstukke korter as 40 mm
WLOX3	Ligte urine- en/of misbevlekte wol
WLOX4	Baie swaar sweetloks, donker urine- of misbevlekte wol en harde sweetstukke
WLOX5	Gematte, erge saadloks, bevlek of onbevlek

### 3.9 Ander klasse

Simbool	Inhoud
WRAM	Witwol wat van ramme afgeskeer is
WMAT	Gematte, wit vagwol
WTDR	Wit vagwol met 'n duidelik breuk in die stapel of wat oor die algemeen tengerig is
BRANDS	Wol wat met merkink, verf teer, merkolie of enige ander middel bevlek is

## 4. Klassering en merk van growwe wit en gekleurde wol

### 4.1 Definisie

"Growwe en gekleurde" (coarse and coloured) wol is wol wat van nature steekhaar, gekleurde vesels en/of haar bevat. Dit moet afsonderlik van alle ander wol gehou word.

### 4.2 Klasse en simbole

Simbool	Inhoud
BRANDS	Growwe en gekleurde wol wat met merkink, verf teer, merkolie of enige ander middel bevlek is
C&C LOX	Sweetloks, urine- en misbevlekte wol, kort, minderwaardige afrandsels
C&C BP	Gematte penswol en afrandsels met hoë saadinhoud
XW	Suiwer, wit vagwol (verwyder alle gekleurde stukke)
C&C	Vagwol wat verskillende kleure bevat

## 5. Klassering en merk van kruisraswol

### 5.1 Definisie

"Kruisraswol" beteken witwol met 'n growwe hantering wat nie gekleurde vesels of 'n duidelik waarneembare hoeveelheid steekhaar bevat nie. Dit moet afsonderlik van alle ander wol gehou word.

## 5.2 Klasse en simbole

Simbool	Inhoud
<b>BRANDS</b>	Wol wat met merkink, verf teer, merkolie of enige ander middel bevlek is
<b>XLOX1</b>	Sweetloks en kort, harige stukgies
<b>XLOX2</b>	Urine- en misbevlekte wol
<b>XBP</b>	Kort, afgerande pens- en vagstukgies
<b>XCBP</b>	Goeie lengte afgerande penswol en vagstukke
<b>XBKS1</b>	Rugwol met stowwerige en/of verweerde voorkoms, of wat saad bevat en aanmerklik van die vagwol afwyk
<b>XBKS2</b>	Baie kort en minderwaardige rugwol
<b>XF</b>	Kruisras vagwol van hoogstens 27 $\mu\text{m}^*$
<b>XM</b>	Kruisras vagwol hoogstens 30 $\mu\text{m}^*$
<b>XS</b>	Kruisras vagwol hoogstens 33 $\mu\text{m}^*$
<b>XX</b>	Growwe/harige kruisras vagwol, insluitende harige afrandsels
<b>XLLOX</b>	Kruisras lammerloks
<b>XLBP</b>	Kruisras lammerpenswol en afrandsels
<b>XL</b>	Goeie gehalte, fyn kruisras lammerwol
<b>XXL</b>	Growwe, harige kruisras lammerwol
<b>XMAT</b>	Klonterige, gematte kruisras vagwol

*\*Voorvoegsel met gepaste lengtesimbool (kyk adedling 2.6)*

## 6. Verpakking en merk van bale

- Alle vetwol vir aflewering aan kopers, agente, makelaars of verwerkers moet in nuwe wolsakke verpak word wat aan die SABS-/Woltoetsburo van SA se standaarde en spesifikasies voldoen.
- Advies oor die minimum massa vir bale moet van die koper, agent of makelaar wat die skeersel ontvang, verkry word.
- 'n Maksimum van 9 baalhakies moet gebruik word om die baal toe te maak.
- Klasse wat op die plaas voorberei en verpak word, moet volgens die riglyne van die koper, agent of makelaar gemerk word. □

## Notas

